7 **Februarie 2025**

**Liewe Mnr. & Mej. CP-deelnemer**

***Juniors:*** *25 Maart 17:00*
***Seniors:*** *25 Maart 19:30*

*Tema:* ***Howdy, CP! Buckle up, dress up, giddy up!***

**“Daai KANS wat jy te bang is om te vat, kan die KANS wees wat jou hele LEWE verander. Doen alles met oorgawe! Soms wen jy, soms leer jy.”**

Ons borrel oor van opgewondenheid, omdat ons uitsien na hierdie funksie wat soos gewoonlik beloof om ‘n hoogtepunt op CP se kalender te wees.

Hiermee enkele belangrike punte:

- **Inligtingsessie: Ons hou ’n kort inligtingsessie op Woensdag ,19 Februarie, 17:30, in die saal.** U is welkom om dan alles waaroor u wonder te kom hoor.
- **Oefeninge:**Tydgleuwe vir oefening sal gekommunikeer word sodra deelnemers gefinaliseer is.
- **Graad RR-3:** Deelnemers neem in drag wat by die tema pas deel. Die ouers is self hiervoor verantwoordelik. Dogters waak asseblief teen swaar grimering.
- **Graad 4 - 6:** Dogters neem in tienerdrag deel wat by die tema pas. Dogters is self verantwoordelik hiervoor. Waak asseblief teen swaar grimering en ongemaklike uitrustings.
- **Graad 7:** Die dogters en seuns sal in informele drag (bestaande uit ‘n T-hemp, wat hulle sal ontvang en ‘n eie lang blou of swart denim) op die loopplank paradeer. Skoene van eie keuse mag gedra word. Daarna sal die seuns en dogters hulle formele drag aantrek. Dogters dra ’n skemerkelkierok en seuns ‘n formele uitrusting. Finaliste is self verantwoordelik vir hul formele uitrusting.

***Neem ook kennis van die volgende:***

- **Fotopakkette** is die aand beskikbaar. Plaas asseblief die korrekte bedrag in ‘n gemerkte koevert met u **kind se naam en klas** en handig dit daardie aand by die fotograaf in. Foto’s word in me. Annelie van Rooyen se klas vanaf 15:00 geneem.
  - Dui asseblief ook die pakket duidelik aan:

| | |
|---|---|
| **Pakket 1 – R70** | 2 x Jumbo |
| **Pakket 2 – R100** | 2 x Jumbo; 1 x (6x9 vergroting) |
| **Pakket 3 – R150** | 2 x Jumbo; 1 x (6x9); 1 x A4 |

DIS **HÓÉ** ONS DIE **WÁT** DOEN

**Pakket 4 – R140** *We transfer* – verskaf asseblief 'n e-posadres vir die skakel ook op die koevert.

- **Kaartjies:** Bespreekte kaartjies sal vanaf **Vrydag 17 Maart** aanlyn beskikbaar wees. Hou gerus die platforms vir inligting dop.
- **Parkering:** R20 om op die veld te parkeer – onderhewig aan die weer.
- **Toesigklasse:** Neem asseblief kennis dat deelnemers reeds om **16:00** en **18:00** onderskeidelik in hul toesigklasse moet wees. Geen ouers word nie hier toegelaat nie.

**<u>Toesig tydens ons spogfunksies:</u>**

**Al hierdie lokale is naby aan die CP-Rooikat Arena – Stoepe oorkant die pawiljoen en snoepie.**

<u>JUNIORS:</u>

| | |
|---|---|
| ➢ Graad RR- en R- seuns: | Me. Amorie Fourie se lokaal (K4) |
| ➢ Graad RR- en R- dogters: | Me. Charné Swanepoel se lokaal (K8) |
| ➢ Graad 1 dogters: | Me. Nadia Bosscha se lokaal (K7) |
| ➢ Graad 2 dogters: | Me. Zilana Uys se lokaal (K6) |
| ➢ Graad 3 dogters: | Me. Lulu Scholtz se lokaal (K5) |

<u>SENIORS:</u>

| | |
|---|---|
| o Graad 4-dogters: | Me. Charné Swanepoel (K8) |
| o Graad 5-dogters: | Me. Nadia Bosscha (K7) |
| o Graad 6-dogters: | Me. Zilana Uys (K6) |
| o Graad 7-dogters: | Me. Amorie Fourie (K4) |
| o Graad 7-seuns: | Me. Lulu Scholtz (K5) |

Ons sien opgewonde uit na ons RooiKatte en RooiSkatte, groot en klein, wat aan dié spesiale geleentheid deelneem!

**Dr. Louis Dey**
**HOOF**

**Me. Isabel du Toit**
**ORGANISEERDER**

DIS HÓÉ ONS DIE WÁT DOEN